## Belangrike Inligting: 2026

**PLEK:**

Die naskool is geleë in Generaal Fronemanstraat. (Reg oorkant Laerskool Kollegepark). Daar is twee huise, reg langs mekaar. Die een is die Junior-huis (vir alle Graad RR tot Graad 3 leerders). Die ander is die Senior-huis (vir alle Graad 4 tot Graad 7 leerders).

Die fisiese adres vir die Junior-huis is 94 Generaal Fronemanstraat en die Senior-huis 96 Generaal Fronemanstraat.

**TYE:**

Gedurende skooltyd: 12:30 – 18:00

Vakansietyd: 07:00 – 18:00

Daar sal streng by hierdie tye gehou word. Laat afhaal van leerders sal 'n boete van R50 vir elke halfuur of gedeelte van 'n halfuur inhou.

Spesifieke vakansietye wat ons sal oop wees sal later deurgegee word.

**AANTAL LEERDERS:**

Ons neem 'n maksimum van ±60 leerders per huis in. Ons kan gemaklik ±60 leerders per huis akkommodeer met genoeg sitplek asook speelplek. Per huis is daar drie permanente personeellede asook een tot twee assistente.

**TARIEWE:**

Registrasie:

'n Bedrag van **R150 word as registrasie** gehef aan die begin van elke jaar of sodra 'n leerder inskryf.

Kwartaallikse fooi: **R2700 per kwartaal.**
**Vooruitbetaalbaar vir 4 kwartale.**

Kwartaallikse fooi kan ook in drie paaiemente van R900 per kwartaal betaal word.

(Hierdie is 'n vergunning wat gemaak word vir ouers wat verkies om per maand te betaal.)

Korting met die betaal van die hele jaar se fooie: R10 000 vir die jaar

Vakansietyd:
Naskool-leerders (Leerders wat gedurende die kwartaal ook by die naskool is):
**SE KOSTES BELOOP R10 n dag per leerder.**
Nie-Naskool-leerders (Leerders wat net vakansietye by die naskool sal wees/ leerders wat van ander skole af kom): **Per dag: R70**

Betaling kan as volg geskied:

- Elektronies : Gebruik u kind se Naam en Van as verwysing.
  Bewys van betaling moet dan aan ons gestuur word.
- Kontant: Duidelik gemerk in 'n koevert met u kind se Naam en Van.
- Gebruik asb die volgende bankbesonderhede **slegs tot en met einde Februarie 2026**, waarna nuwe besonderhede deurgegee sal word. **Gebruik asseblief die verwysing: kind se naam en van, graad en "Naskool",** en neem kennis dat **Naskool-fooie nie saam met skoolgelde betaal moet word nie.**

Bank: ABSA
Tak: Vanderbijlpark
Kode: 632005
Rek no: 530-491-153

Verywysing: Naam en Van van leerder, Graad en "Naskool"

Stuur asseblief ook vir ons 'n bewys van betaling deur (indien moontlik) na naskool@lskollegepark.co.za vir enige betalings wat u maak.

Kansellasie:

Daar moet **een maand kennis gegee word** indien u kind die naskool wil verlaat.

**ETES:**

Ons voorsien geen etes nie.

Leerders moet dus hul eie etes saambring vir elke middag. Daar is geriewe om kos warm te maak en ons personeel help graag hiermee. "2-minute noodles" kan ook ingepak word. Ons personeel help met die gaarmaak hiervan.

Hou ook ons naskool se Whatsapp groepies dop vir inligting oor persone van buite wat wel etes verskaf.

## SNOEPIE:

Daar is ‘n snoepie op die naskool-perseel waar sjokolades, lekkers, pakkies skyfies en koeldranke gekoop kan word.

Snoepie aankope is slegs kontant en kan nie gemaak word sonder dat dit daar en dan betaal word nie.

## HUISWERK:

Huiswerk word daagliks gedurende huiswerk-sessies gedoen en gekontroleer.

Daar kan egter slegs huiswerk gekontroleer word indien dit in u kind se huiswerkboekie afgeskryf is. Huiswerk wat nie afgeskryf is nie, kan nie voltooi word nie.

Waar huiswerk op groepies deurgestuur word, moet dit asseblief vir ons aangestuur word.

Daar is verpligte, vasgestelde huiswerktye wat ons so sal plooi dat dit inpas by die skool se buitemuurse aktiwiteite (sover moontlik).

Dit bly egter u as ouer, asook u kind se verantwoordelikheid om te verseker dat alle huiswerk afgeskryf en gedoen word.

Indien u kind ‘n buitemuurse aktiwiteit bywoon in die geskeduleerde huiswerktyd, kan ons nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie. Die verantwoordelikheid lê dan by u kind om te kom huiswerk doen sodra hul terug is en te vra indien hul hulp verlang.

Eksamen: In eksamentye is daar ook verpligte eksamensessies met breuke tussendeur.

## SEKURITEIT:

Leerders word te alle tye oor die pad vergesel deur ‘n personeellid van die naskool. Leerders se name word op graad-lyste afgemerk soos wat hulle arriveer by die bymekaarkom-punt by die skool. Daar sal eers oor die pad gestap word sodra almal wat op daardie stadium moet aanmeld daar is.

Dieselfde geld dan ook vir die terugstap na die skool vir buitemuurse aktiwiteite. Duidelik gemerkte naamlyste sal gebruik word en almal sal saam oor die pad beweeg op gegewe tye.

Vir die eerste kwartaal word alle Graad RR, R en 1 maats by hulle klasse afgehaal. Daarna sal slegs die Graad RR en R maats by hulle klasse afgehaal word. Alle ander maats beweeg elke middag na die “naskool-hekkie”.

## KLOKKIE-STELSEL:

Ons het ‘n "klokkie-stelsel" by die skool se hekkie in Generaal Fronemanstraat. Dit is die bymekaarkompunt vir alle leerders en dan ook ons “naskool-hekkie”.

Met tye wanneer hul na buitemuurse aktiwiteite beweeg, kom hul hier bymekaar en lui die klokkie indien die personeellid aan diens nog nie by die hekkie is nie.

Hul wag ook hier in die middae as die skool uitkom. Die hekkie sal gesluit bly en slegs deur ons naskoolpersoneel oopgesluit word wanneer nodig.

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE:**

Buitemuurse aktiwiteite word aangeteken by die naskool.

Ons as naskoolsentrum ontvang GEEN tye vir enige aktiwiteite vanaf die skool nie. U as ouer moet asseblief vir ons enige en alle oefentye aanstuur. Soos wat die tye verander en/of aktiwiteite verander, moet u dit asseblief ook aan ons kommunikeer.

Dit is uiters belangrik dat ons te alle tye die korrekte tye het wat u kind oor die pad moet beweeg na- en vanaf die skool.

Leerders sal na- en vanaf die skool vergesel word deur 'n personneellid van die naskool en om u kind se veiligheid te verseker, mag geen kind alleen oor die pad loop nie.

**KONTAKBESONDERHEDE:**

Senior Naskool Kontaknommer: 082 670 1772

Junior Naskool Kontaknommer: 066 038 4768

Hierdie nommers word gebruik vir alle kommunikasie van die naskool se kant af. Ons versoek dat u ook eerder hierdie nommer kontak vir enige verdere navrae en/of kommunikasie.

**Let wel daarop dat hierdie nommer slegs tussen 12:00 en 18:00 geskakel kan word.**

Vir navrae rakende finansies, kansellasies en inskrywings, kan u die bestuursnommer skakel. (Hierdie nommer kan ook gebruik word vir alle klagtes, gedagtes en algemene navrae.)

Bestuur: 079 676 4973

(Hierdie nommer kan slegs tussen **12:00 en 17:00** geskakel word.)

E-pos adres:

Ons het dan ook 'n gmail e-pos adres wat ons gebruik uitsluitlik vir die naskool:

**naskool@lskollegepark.co.za**

Enige navrae kan na hierdie e-pos adres deurgestuur word.

Ons verkies kommunikasie rakende belangrike sake per e-pos of sms (Whatsapp), sodat ons dit op skrif het. U is egter steeds welkom om ons te skakel op die bogenoemde nommer.